Hoe om vir ongeredde mense te bid

(Uit: 'Gebed maak alles anders' geskryf deur Bennie Mostert, Carpe Diem uitgewers)

Hoewel hierdie gedeelte spesifiek handel oor die beginsels van voorbidding vir 'n ongeredde persoon, kan **dieselfde beginsels ook van toepassing gemaak word op byna enige ander probleem-area in die geestelike lewe.** Voordat ons vir in ongeredde persoon gaan bid, is dit belangrik dat ons sal weet wat God oor die saak sê. Dit is die wil van God dat mense gered sal word.

Lees die volgende teksgedeeltes baie noukeurig:
"Dit is beslis nie my wil dat die goddelose moet sterf nie, sê die Here my God, dit is my wil dat hy hom bekeer en dat hy bly lewe " **(Eseg.18:23).**

"So is dit ook nie die wil van julle Vader in die hemel dat een van hierdie kleintjies verlore gaan nie " **(Matt.18:14).**

"As iemand sy broer sien sonde doen wat *nie tot die dood lei nie, moet hy bid en God sal die broer die ewige lewe gee* **(1 Joh.5:16).**

"*Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer"* **(2 Pet.3:9).**

"So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom" **(1 Tim.2:3-4).**

Hieruit kan ons sien dat God die Vader sondaars wil red. Wanneer jy dus bid, neem hierdie beloftes en al die ander beloftes in die Skrif wat op hierdie saak betrekking het en bid op grond van hierdie beloftes tot God. Die rede waarom ons vir mense se redding kan bid, is juis omdat God hulle **wil en kan red.** Dit is egter ook die wil van die Here dat ons sal bid vir hulle redding. **1 Johannes 5:16** sê uitdruklik dat ons moet bid vir die redding van die ongereddes. Uit 1 **Timoteus 2:1-6** blyk dit duidelik dat God die redding van mense en gebed aan mekaar verbind. Daar moet vir die totale persoon gebid word.

Hier volg in aantal wenke wat jy in gedagte kan hou wanneer jy vir die redding van mense bid:

- Kyk watter negatiewe of sondige **gewoontes** in die persoon se lewe voorkom en bid daarvoor.
- Kyk watter sondige, negatiewe en onbybelse **gedragspatrone** daar is en bid daarteen. Bid dat die Heilige Gees die waarheid in sy/haar hart sal openbaar.

- Kyk watter persone **beïnvloed** die persoon negatief en bid vir die verbreking van daardie negatiewe invloed en/of die verbreking van afbrekende vriendskappe wat die persoon van Christus af wegtrek/weghou.
- Stel vas watter **aktiwiteite** die persoon se lewe negatief beïnvloed - bid dat dit met die positiewe vervang sal word en/of dat die invloed van die negatiewe kragteloos gemaak sal word.
- Bepaal wat uit die persoon se **verlede** tot sy huidige optrede bydra. Bid vir heelmaking, dat hy sal kan vergewe en bid vir berusting en aanvaarding.
- Bid spesifiek vir **sonde-oortuiging** en die besef dat hy nie sonder Christus kan lewe nie.
- Bid vir 'n geleentheid om self met hom oor Jesus te praat of dat die Heilige Gees in 'n ander gelowige se hart sal werk om met hom oor die Here Jesus te praat.

Ses vrae

Bid spesifiek dat die Heilige Gees die volgende vrae in die persoon se hart sal bring en dat hy/sy antwoorde op die vrae sal begin soek. Dit is basiese lewensvrae en dit gebeur dikwels dat wanneer aan hierdie vrae begin dink, hulle by God uitkom.

1) Wie kan ek vertrou?
2) Wat is die doel van my lewe?
3) Waarheen gaan ek wanneer ek sterf?
4) Wanneer sal ek vry wees?
5) Waarom haat ek God? Waarom vlug ek van God af weg?
6) Hoe kan ek my probleme hanteer?

Gesagsposisie

Wanneer jy met die werk van voorbidding besig is en bid vir die redding van ongeredde mense, moet jy jou gesagsposisie in Christus ken. Lees **Efesiërs 1:19**, dan verse 20-22 en ook **Efesiërs 2:6** waar daar staan dat elke gelowige in gesagsposisie saam met Christus in die hemele het, bo alle owerheid en gesag en mag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie net in hierdie eeu nie, maar ook in die toekomstige.

"Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet... hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo" **(Ef.1:18-19).**

"Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het: hoog bo alle bose magte en enige ander vorm van gesag waarvan daar sprake mag wees, nie net in hierdie bedeling nie maar ook in die bedeling wat kom. Aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk **(Ef.1:20-22).**

"*Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom in plek in die hemel gegee* **(Ef.2:6).**

Soos Moses sy staf oor die see uitgesteek het totdat die water verdeel het en soos Aäron en Hur Moses se hande omhoog gehou het totdat die Amalekiete verslaan is, en soos Josua sy spies uitgesteek het oor die dorpie Ai en dit nie teruggetrek het voordat die **oorwinning** finaal was nie, só moet ons in Christus gesag neem oor al die werkinge van die Bose in in persoon se lewe totdat die oorwinning behaal is. Vanuit hierdie gesagsposisie kan ons staan teen elke vorm van demoniese aktiwiteit in 'n persoon se lewe; ons kan in Jesus se Naam bid dat God die sluier van die persoon se oë af wegneem sodat hy die waarheid soos dit in die Bybel en in Christus is, kan sien en aanvaar. So kan ons bid teen enige leuengees (valse godsdiens), vrees of gees van ongehoorsaamheid, ongeloof, verbittering of wat ook al die geval mag wees. Belangrik: ons kan gesag neem oor enige mag of aktiwiteit van die Bose wat in persoon verblind en verhinder om na God te kom, **maar dit is God self wat die persoon wederbaar.**

Dus:

1. Bind die werkinge van die Satan in Jesus se Naam, bestraf hom en weerstaan hom **(Matt.12:29; 16:19; Jak.4:7).**
   "Ek sal aan jou die sleutels van die koninkryk van die hemel gee, en wat jy op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly; en wat jy op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly " **(Matt.16:19).** *"Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug"* **(Jak.4:7).**
2. Ontbind die persoon in die Naam van Jesus **(Matt.16:19).**
3. Bid derdens dat die Heilige Gees nou in die persoon se hart sal werk en hom sal oortuig van sonde. *"En wanneer Hy (die Heilige Gees) kom, sal Hy bewys dat* die wêreld *skuldig is aan sonde, en dat die reg aan my kant is en dat die oordeel al gekom het"* **(Joh.16:8)**.
4. Bid dat die Heilige Gees die waarheid én die hart van God die Vader aan die persoon sal openbaar.

Ons moet vir ongeredde mense bid op grond van die feit dat Jesus reeds gekom het en met sy bloed klaar betaal het vir die wêreld se sonde.

"God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê **(Joh.3:16).** *"Maar God bewys sy liefde vir ons juis hier in dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars* was" **(Rom.5:8).**

Bid dat Jesus mense uit die dood lewend sal maak. *"Soos die Vader dooies opwek en lewend maak, so maak die Seun ook lewend wie Hy wil*" **(Joh.5:21)**. Onthou tog altyd, dit is die Vader self wat mense na Christus toe trek. *"Niemand kan na My toe kom as die Vader wat my gestuur het, hom nie na my toe trek nie, en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood opwek "* **(Joh.6:44).**

Dit is Jesus wat ongeredde mense lewend maak deur die werking van die Heilige Gees. Die mens kan homself nie lewend maak nie. in **Johannes 6:63** staan daar: "*Dit is die Gees wat iemand lewend maak; die mens self kan dit nie doen nie.*

Bid spesifiek dat mense sal sien hoe lief Jesus hulle het; dat hulle sal sien dat Hy sy laaste druppel bloed aan die kruis vir hulle gegee het, dat hy mens geword het ter wille van ons sonde, dat hy ons eerste liefgehad het. Weereens, dit is God self wat die mens red. Ons kan hulle nie red nie. Terwyl jy in gebed worstel vir die redding van in persoon, sorg dat jy nie angstig word en met eie sielskrag (*soul force*) die persoon wil verander nie. Jy moet die Here Jesus vertrou. Jou werk is om te bid en die Here Jesus se werk is om mense se harte deur die Heilige Gees te verander. Enige beangstheid of ongeloof van jou kant "verhinder" God om te werk. Terwyl jy bid, moet jy ook rus in die Here; Hom vertrou en toelaat om te werk soos Hy wil.

Jy moet in geloof bid. "*As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik **om** te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon"* **(Heb.11:6)**.

a) Glo in God se almag en vermoë om mense te herskep en te red.
b) Glo in die feit dat God mense wil red.
c) Glo in die Here Jesus wat gekom het om mense te red en dat Hy deur sy dood aan die kruis en die bloed wat gevloei het, reeds die volle prys vir ons sondes betaal het.
d) Staan in die geloof op God se beloftes in verband met die redding van mense.

Die volgende is enkele gedagtes en vrae wat jy in gedagte moet hou wanneer jy met erns vir iemand anders se redding of terugkeer na God bid:

1. Is jou motiewe suiwer? Waarom bid jy vir die persoon? Bid jy vir hom sodat dit die lewe vir jou makliker kan maak in die huwelik, of is dit dalk om te kan sê dat jy hierdie persoon na die Here gebring het en sodoende 'n bietjie eer daarvoor kan inoes? Of gaan dit vir jou werklik oor die persoon - dat hy hom sal bekeer sodat God die Vader deur sy lewe geëer kan word?
2. Wees sensitief vir die leiding van die Heilige Gees. Moenie vir God probeer voorskryf wat Hy moet doen en hoe Hy die persoon moet red nie. God ken sy werk.
3. Telkens wanneer ek klaar gebid het vir die persoon, moet ek terugstaan en God toelaat om te werk soos Hy wil, al is die manier waarop God werk ook vir my vreemd en anders as wat ek gedink het Hy sou werk. Moenie probeer hand bysit nie - God se almag is voldoende om die werk volledig af te handel.
4. Moenie haastig wees nie, God het sy eie tyd en Hy laat Hom nie aanjaag of voorskryf nie.
5. Indien die omstandighede dit vereis en die Heilige Gees lei jou om dit te doen, vas en bid vir die saak/persoon. Ons sal baie meer deurbrake in die geestelike sfeer sien as daar meer gevas en gebid word.
6. Bid met lofprysing. Lofprysing erken dat God in beheer is, dit hef ons eie gees op en werk geloof in ons eie harte. Lofprysing is ook vir daardie tye wanneer ek aan die einde van myself is en waar net God oorbly.
7. Bid met 'n rein hart. Jy wat bid, voorbidding doen, moet sorg dat die *"balk"* uit jou eie oog uitgehaal is.